

## Jesaja 7: God is met jou: Vertrou en bly behou

As jy sukkel om in swaarkry te vertrou

Jesaja beteken: Die Here verlos jou.

Sjear-Jasjoeb beteken: 'n Oorblyfsel bly behou.

Onhou: Imanuel beteken God is met jou.

Santie het Jesaja 7 vir ons so uitgebeeld:



Ek het hierdie gedeelte in Jesaja behandel in 'n video – luister gerus daarna op <https://totueer.blog/video/bundel-k-jesaja-dag-8/>

Jesaja is in die oorspronklike taal in digvorm, so op die volgende bladyse het ek dit berym sodat jy ietsie kan ervaar van hoe die oorspronklike lesers dit ervaar het.

## DAG 8: God is met jou: Vertrou en bly behou (Jes 7)

Die verhaal is in die tyd van Agas vertel -  
toe was Peka die koning van Israel.  
Peka het sy magte met die van Aram versterk  
en teen Jerusalem in oorlog opgetrek. (Jes 7:1)

Hulle was nie in staat om teen haar te veg  
Die berig aan die huis van Dawid was sleg.  
Agas en die volk se hart het gebewe  
soos die bome van 'n bos in die wind bewe. (Jes 7:2)

Gaan tog uit om Agas te ontmoet,  
jy en jou seun, moet nie talm.  
Sê: 'Wees versigtig, maar bly kalm!  
Moenie bang wees nie, hou moed! (Jes 7:3-4)

Moenie lafhartig raak  
oor twee stompe wat rook maak  
oor die brandende toorn wat opvlaag,  
wat jou die skrik op die lyf wil jaag. (Jes 7:4-6)

So sê die Here, my Heer,  
dit sal nie gebeur.  
Nog vyf-en-sestig jaar,  
dan is Efraim nie meer daar.  
Sonder vertoue  
bly julle nie behoue. (Jes 7:7-9)

Die HERE het aan Agas opgedra:  
Jy moet jou 'n teken van jou God vra.  
en ek sal die HERE nie uitdaag,  
met so 'n versoek of vraag.  
Is dit nie genoeg om mense te vermoei,  
dat julle ook my God moet vermoei? (Jes 7:10-13)

Daarom sal my Heer vir julle 'n teken gee:  
Kyk, vir die jong vrou is swangerskap gegee,  
Sy gaan 'n seun in die wêreld bring,  
Immanuel as naam sal sy aandring.

Dikmelk en heuning sal hy eet,  
sodat hy kan weet  
om die kwaad te verwerp  
en die goeie op te skerp. (Jes 7:10-15)

Nog voor die kind weet van goed en kwaad  
Sal die twee konings hul grond moet verlaat. (Jes 7:16)

As jy sukkel om in swaarkry te vertrou  
Jesaja beteken: Die Here verlos jou.  
Sjear-Jasjoeb beteken: 'n Oorblyfsel bly behou.  
Onhou: Imanuel beteken God is met jou.